**Dinsdag 30 Augustus**
**Skrifgedeelte: Psalm 123**
**Fokusgedeelte: Psalm 123**
**God, ons groot Werkgewer**

Psalm 123 is ’n pelrimslied.  ’n Pelgrim is iemand wat besig is om te reis, te trek, maar dis dan ’n baie spesifieke reis – ’n geloofsreis. Dis wat ons ook is. Pelgrims. Die lewe is ons reis. Dis ’n reis van swaarkry na rus, van vervreemding na die teenwoordigheid van God.

Nou skryf hierdie Psalmdigter dat sy oë absoluut gerig is op die hande van sy Eienaar. Dis ’n kyk van verwagting. Die digter sê ook wat hy verwag: “... totdat Hy Hom oor ons ontferm!”

Dit het waar geword in Christus Jesus. Hy is die Ontferming van God. Hy het die veragting en spot van verse 3 en 4 tot die uiterste toe gedra, en gehoorsaam gebly aan die Vader. Daarom kan ons, wat steeds pelgrims is, die absolute rus, troos en vreugde hê dat Christus se gehoorsaamheid ons toegereken word. Ons hoef nie te spartel om sin en verlossing te vind nie, in Jesus het ons dit.

In die Ou-Testamentiese tyd was die slaaf se lewe, sy sin, sy betekenis baie nou gekoppel aan dié van die eienaar. So is dit ook met ons! Omdat ons vrygekoop is deur Christus, behoort ons nou aan Hom, met alles, en vir altyd (HK Sondag 1).

Dus kan ons luister na Christus, en hoor wat sê Hy vir ons, wat is ons werk, elke dag: *“En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom”* (Kol 1:17).

Mag ons, of ons studeer, werk toe gaan, afgetree is, of wat ook al, dáárdie werk altyd doen: Ek leef tot eer van my Liefdevolle Eienaar, Herder en Vader!

Sing: Psalm 136-1:1, 3, 19

Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)